

Ken jou regte Marteling



AFRIKAANS

"TOGETHER AGAINST TORTURE"

"TU KONDJITHENI OMAHEPEKO ATUHENI"

"STAAN SAAM TEEN MARTELING"

"PAMWE OKUPIRUKIRA OMATATUMISIRO"

"KUMWE NOKUDIRA KUKWATE SAKO ETOONO"

"KUMWE TU RWANESE EHEPEKO"

"ÅGUIBA TSÛTSÛS !OAGU"

Erkenning

Die doel van hierdie publikasie is om die regte en verpligtinge van burgers en polisieagente onder die Namibiese Grondwet meer verstaanbaar te maak. Ons hoop dat dit sal bydra tot die daarstelling en instandhouding van 'n menseregtekultuur in Namibië.

Ons erken met dankbaarheid diegene wat tot hierdie boekie bygedra het:

- Die Europese Unie en die Nederlandse Ambassade vir hulle finansiële bystand. Die menings wat in hierdie boekie uitgespreek word mag nie aan die Europese Unie of die Nederlandse Ambassade toegeskryf word nie.
- Toni Hancox, wie die teks vir die boekie geskryf het.
- Caroline Cohrssen and Associates, vir die uitleg van die boekie.
- Lodewyk Adams, vir die vertaling van die oorspronklike teks. Proeflees: Thelma Heathcote.
- Zilaoneka S. Kaduma, vir die illustrasies.

Uitgewer: HURICON
Legal Assistance Centre
Posbus 604
Windhoek
Namibië
Tel: 061-223356
Faks: 061-234953
E-pos: info@lac.org.na
<http://www.lac.org.na>

© Legal Assistance Centre

Hierdie publikasie mag vir opvoedkundige doeleindes gereproduseer word met erkenning van die Legal Assistance Centre.

Eerste uitgawe, eerste druk Mei 2003

ISBN: 99916-765-5-4

Inhoud

KEN JOU REGTE	1
MARTELING	1
Wat is marteling?	1
Die hoofdoelstellings van marteling	2
Sommige gevolge van marteling	2
Internasionale reëls rondom marteling	4
1. Die Algemene Verklaring van Menseregte	4
2. Die Internasionale Verdrage ten opsigte van Burgerlike en Politieke Regte	4
3. Die Verenigde Nasies se Konvensie teen Marteling en ander Wrede, Onmenslike of Vernederende Behandeling of Straf	4
Wat sê ons Grondwet oor marteling?	5
Is marteling regtig 'n probleem in die wêreld vandag?	6
Maar daar vind geen marteling plaas in Namibië nie!	6
Die reg op vergoeding (herstel)	7
Wat kan ons doen om te help?	8

BYLAE

Bylae 1: Artikel 8 van die Grondwet van Namibië	9
Bylae 2: Die Robben Eiland Riglyne	10


KEN JOU REGTE MARTELING

Wat is marteling?

Die Verenigde Nasies se Konvensie teen Marteling wat in 1984 aangeneem is en in 1987 in werking getree het, definieer marteling as volg:

“Enige handeling uitgevoer of deur die aanhitsing van, of met die toestemming of instemming van n publieke amptenaar of ander persoon wat in ‘n amptelike hoedanigheid optree waardeur ernstige pyn of lyding, hetsy fisies of geestelik opsetlik op ‘n persoon toegedien is met die doel om van hom of ‘n derde persoon inligting of ‘n bekentenis te bekom, om hom vir ‘n handeling te straf wat hy of ‘n derde persoon gepleeg het of vermoed word van pleging, of om hom of ‘n derde persoon te intimideer of af te pers, of vir enige rede gebaseer op enige vorm van diskriminasie.”

Dit is dan die amptelike definisie. Nietemin is die wêreld stadig besig om te versoen met die idee dat dit nie die enigste vorm van intimidasie is nie. Gesinsgeweld, byvoorbeeld, is ‘n werklike vorm van marteling en vind daagliks in Namibië plaas, baie meer as die amptelike vorm van marteling.



Gesinsgeweld vind daagliks plaas in Namibië.

Die hoofdoelstellings van marteling

- Om die identiteit van die gemartelde af te breek om sodoende inligting van hom of haar te bekom.
- Om vrees in te boesem en skok teweeg te bring in individue en gemeenskappe.

Vrae wat gevra moet word:

- Kan die nodigheid om inligting te bekom die gebruik van marteling ooit regverdig?
- Van 'n praktiese oogpunt, kan inligting wat so verkry is as geloofwaardig of betroubaar gesien word in die lig van die feit dat baie mense enige ding sal erken net om die marteling te laat stop.

Sommige gevolge van marteling

Die gevolge kan fisies of sielkundig wees. Ongeag die feit dat die fisiese gevolge meer sigbaar is, is dit die sielkundige gevolge wat neig om aan te hou. Traumatiese gebeurtenisse, soos marteling kan 'n sterk invloed op 'n persoon hê wat kan lei tot groot veranderinge wat vir baie jare kan aanhou nadat die traumatiese gebeure oor is.

Vrees kan lank nadat die aanvanklike gevaar verdwyn nog aanhou en aggresiewe reaksies kan aanhou lank nadat die rede of nodigheid om terug te veg oor is.

Die gevolge van trauma kan 'n lewe van hulle eie aanneem en gewoonlik sluit dit meer as een van die volgende in:

- Om oor en oor aan die traumatiese gebeurtenis te dink.

- Woede uitbarstings of nagmerries, vrees en angstigheid.
- Moeilikheid om andere te vertrou en te konsentreer.
- Hoofpyne, maagsere en ander liggaamskwale.
- Drank- en dwelmisbruik.
- Verlies aan belangstelling in seks.
- Verlies aan vertrou.
- Om van familie en vriende te onttrek.
- Gevoelens van neerslagtigheid en verlies, skuldgevoel en verraad.



Internasionale reëls rondom marteling

1. Die Algemene Verklaring van Menseregte

Artikel 5

“Niemand sal onderwerp word aan marteling of wrede, onmenslike of vernederende behandeling of straf nie.”

2. Die Internasionale Verdrag ten opsigte van Burgerlike en Politieke Regte

Artikel 7

“Niemand sal onderwerp word aan marteling of wrede, onmenslike of vernederende behandeling of straf nie. In besonder sal niemand sonder sy vrye toestemming aan mediese en wetenskaplike proefnemings onderwerp word nie.

3. Die Verenigde Nasies se Konvensie teen Marteling en ander Wrede, Onmenslike of Vernederende Behandeling of Straf

Die staatspartye tot die Konvensie, waarvan Namibië een is, verklaar in die aanhef dat hulle daarna strewende om die stryd teen marteling en ander wrede, onmenslike of vernederende behandeling of straf oor die wêreld heen meer effektief te maak.

Namibië is ‘n ondertekenaar van al drie bogenoemde internasionale dokumente en in terme van ons Grondwet: *“tensy andersins bepaal...internasionale ooreenkomste wat*

bindend is op Namibië onder die Grondwet sal deel vorm van die wet van Namibië.” (Artikel 144, Die Namibiëse Grondwet.)

Wat sê ons Grondwet oor marteling?

Artikel 8 van die Namibiëse Grondwet handel oor die respek vir menswaardigheid en subparagraaf (2)(b) daarvan herhaal die sentimente wat in artikel 5 van die Universele (Algemene) Verklaring van Menseregte uitgedruk word.

Artikel 8(1) bevestig verder dat die waardigheid van alle persone onskendbaar sal wees en 8(2)(a) verseker dat respek vir menswaardigheid onder andere gewaarborg sal word in enige geregtelike verrigtinge.


Onthou: Die Grondwet is die mees verhewe Wet in Namibië. Dit beteken dat niemand verhewe is bo die bepalings wat daarin uiteengesit is nie. Almal in Namibië moet die Grondwet gehoorsaam, selfs regeringsamptenare en die President homself.

Is marteling regtig 'n probleem in die wêreld vandag?

Konflikte in streke soos in Kosovo, Oos Timor en Rwanda het die gebruik van marteling ontbloot om individue en gemeenskappe te onderdruk, intimideer en te vernietig. Verder ontvang die Verenigde Nasies se Spesiale Verslaggewer oor marteling jaarliks inligting oor dade van marteling van 60-80 lande. Dit word ook beraam dat tussen 20-30 % van vlugtelingsbevolkings aan marteling blootgestel was.

Maar daar vind geen marteling plaas in Namibië nie!

Inteendeel, lees sommige van die hoofopskrifte met betrekking tot die marteling van die beweerde Caprivi afstigters en dan sal jy sien dat marteling nog baie in Namibië plaasvind.



Of wat van die stories oor gesinsgeweld wat ons daaglik hoor, soos die een van die man wat sy vrou aan die agterkant van sy voertuig vasgemaak het en haar vir ongeveer een kilometer gesleep het net omdat sy haar dogter se troue wou bywoon, 'n handeling wat hy verbied het. Die vrou het geweer om 'n eis teen haar man in te stel.

Die reg op vergoeding (herstel)

Wat sluit hierdie reg in?

Dit sluit regte in tot Rehabilitasie, Restitusie, Vergoeding, Bevrediging en 'n waarborg dat dit nie weer sal gebeur nie. Vergoeding is onder andere belangrik, want dit erken dat die slagoffer van marteling in finansiële en menslike terme waardevol is en daarop geregtig is om 'n volledige rol in die samelewing te hervat.



Slagoffers van marteling is geregtig op rehabilitasie.

Wat kan ons doen om te help?

Elke jaar op 26 Junie herdenk ons die Verenigde Nasies se Internasionale dag teen marteling. Sluit aan by hierdie herdenkings deur jou familie en vriende van die euwels van marteling in te lig. Ondersteun die pogings om weg te doen met marteling deur jouself en andere ingelig te hou.

Adviseer slagoffers van hul regte tot vergoeding asook dat hulle emosionele bystand moet soek indien nodig. Verwys hulle na instellings wat hulle kan bystaan, soos die Legal Assistance Centre, Peace Centre, National Society for Human Rights, Breaking the Wall of Silence en die Office of the Ombudsman.

Onthou: Dit is nie net die gemartelde wat emosionele bystand nodig het nie, maar ook die een wat martel.

Spandeer jou tyd om aan maniere te dink om weg te doen met marteling en bespreek dit met familie en vriende. Bevorder opvoeding maar onthou altyd om andere se opinie te respekteer. As ons dit doen dra ons positief by tot 'n Namibië sonder marteling.



BYLAE

Bylae 1: Artikel 8 van die Grondwet van Namibië

Respek vir menswaardigheid

- (1) Die waardigheid van alle persone sal onskendbaar wees.
- (2)
 - (a) In enige geregtelike verrigting of ander verrigtinge voor 'n Statutêre liggaam en gedurende die toepassing van 'n straf, sal respek vir menswaardigheid altyd waarborg word.
 - (b) Geen persoon sal onderwerp word aan marteling of wrede, onmenslike of vernederende behandeling of straf nie.

Bylae 2: Riglyne en Maatreëls vir die Verbod en die Voorkoming van Marteling, Wrede, Onmenslike of Vernederende Behandeling of Straf in Afrika. (Die Robben Eiland Riglyne)

Aanhef

Gedagtig die algemene veroordeling en verbod op marteling, wrede, onmenslike en vernederende behandeling en straf;

Innig bekommerd oor die voortdurende voorkoms van sulke dade;

Oortuig van die noodsaaklikheid om die probleem in al sy dimensies aan te spreek;

Erkenning van die nodigheid om positiewe stappe te neem om die implementering van bestaande bepalings te bevorder ten opsigte van die verbod op marteling, wrede, onmenslike en vernederende behandeling en straf;

Erkenning van die belangrikheid van voorkomende maatreëls ten bevordering van hierdie doelwitte;

Erkenning van die spesiale behoeftes van die slagoffers van sulke dade;

Gedagtig die bepalings van:

- Artikel 5 van die Afrika Handves van Mense en Volke Regte wat 'n verbod plaas op alle vorms van uitbuiting en die vernedering van die mens, in besonder slawerny, slawerhandel, foltering, wrede, onmenslike of vernederende straf en behandeling:

- Artikel 45(1) van die Afrika Handves wat die Afrika Kommissie volmag gee om onder andere, reëls en beginsels te formuleer en neer te lê wat dit ten doel het om die regsprobleme ten opsigte van Mense en Volkere Regte en Fundamentele Vryhede waarop Afrika Regerings hul wetgewings moet baseer op te los.
- Artikel 3 en 4 van die Konstitutiewe Wet van die Afrika Unie waarby Staatspartye onderneem om respek vir die onskendbaarheid van die mens se lewe, die oppergesag van die reg, goeie staatsbestuur en demokratiese beginsels te bevorder;

Gedagtig verder die Internasionale verpligtinge van State:

- Artikel 55 van die Verenigde Nasies se Handves wat 'n beroep op State doen om algehele respek vir en die nalewing van Menseregte en Fundamentele Vryhede te bevorder;
- Artikel 5 van UDHR, Artikel 7 van ICCPR stipuleer dat niemand onderwerp sal word aan marteling, onmenslike of vernederende behandeling of straf nie;
- Artikel 2(1) en 16(1) van die UNCAT doen 'n beroep op elke Staat om effektiewe maatreëls te neem om dade van marteling en ander dade wat wreed, onmenslik of vernederende behandeling of straf te voorkom in enige gebied onder sy jurisdiksie;

Die kennisname van die verpligting van Afrika State soos herbevestig word in die Grand Bay verklaring en Plan van Aksie wat deur die 1ste Ministeriële Konferensie oor Menseregte in Afrika aanvaar is om te verseker dat daar bevordering en respek van Menseregte op die kontinent is.

Die wens vir die implementering van beginsels en maatreëls om sodoende die stryd teen marteling en ander wrede, onmenslike en vernederende behandeling of straf in Afrika

meer effektief te maak en om aan Afrikastate hulp te verleen om hul internasionale pligte in hierdie verband na te kom.

Die “Robben Eiland se Werkswinkel oor die Voorkoming van Marteling” het die volgende riglyne en maatreëls aangeneem ten opsigte van die verbod op die voorkoming van marteling, wrede, onmenslike of vernederende behandeling of Straf en het voorgestel dat hulle aangeneem, bevorder en geïmplementeer word in Afrika.

Deel I: Verbod Op Marteling

Bekragtiging van van Streeks en Internasionale Dokumente (Instrumente) Verdrae.

1. State behoort te verseker dat hulle deel is van relevante internasionale- en streeks menseregte verdrae en sal toesien dat hierdie verdrae volledig toegepas word in binnelandse wetgewing en individue die maksimum ruimte sal vergun om toegang te hê tot die menseregtelike masjienerie wat geskep is. Die sal die volgende insluit:
 - (a) Bekragtiging van die Protokol tot die Afrika Handves van Menseregte en Volkere Regte wat 'n Afrika Hof skep van Mense en Volkere Regte.
 - (b) Bekragtiging van of toetrede tot die VN Konvensie teen Marteling, Wrede of Onmenslike en Vernederende Behandeling of Straf sonder voorbehoud en verklarings te maak dat hulle die jurisdiksie van die kommitee teen marteling onder Artikels 21 en 22 aanvaar en die bevoegdheid van die Kommittee te erken om ondersoek te las ingevolge Artikel 20.

- (c) Bekragtiging of aansluiting tot die Internasionale verdrag of Ekonomiese, Sosiale en Kulturele Regte en die Internasionale Verdrag oor Burgerlike en Politieke Regte en die Eerste Opsionele Protokol daartoe sonder voorbehoud.
- (d) Bekragtiging van of aansluiting tot die Romeinse Statute (Wet) wat die Internasionale hof skep.

Bevordering en Steun Samewerking met Internasionale Meganismes

- 2. State moet saamwerk met die Afrika Kommissie van Mense en Volkere Regte en die werk bevorder en ondersteun van die Spesiale Verslaggewer oor gevangenis en die toestande van aanhouding in Afrika, die Spesiale Verslaggewer oor arbitrêre, summiere en buite geregtelike teregstellings in Afrika en die Spesiale Verslaggewer van vroue in Afrika.
- 3. State moet met die Verenigde Nasies se Menseregte Verdragsliggame saamwerk, sowel as met die VN Kommissie oor Menseregte tematiere lande spesifieke prosedure, in besonder die VN se Spesiale Verslaggewer oor marteling, ingeslote die uitreiking van staande uitnodigings vir hierdie en ander relevante meganismes.

Kriminalisering van Marteling

- 4. State moet toesien dat martelings, soos gedefinieer in Artikel 1 van die VN Konvensie teen marteling, misdade is binne hul nasionale regstelsens.
- 5. State moet besondere aandag skenk aan die verbod en voorkoming van geslagsverbandhoudende vorms van marteling en mishandeling van jong persone.

6. Nasionale howe moet jurisdiksie hê om sake aan te hoor van bewerings van marteling ingevolge Artikel 5(2) van die VN Konvensie teen marteling.
7. Marteling moet 'n uitlewering misdaad gemaak word.
8. Die verhoor of uitlewering van die wat van marteling verdink word, moet spoedig en lynreg plaasvind met relevante internasionale standaarde.
9. Omstandighede soos toestand van oorlog, dreigende oorlog, interne politieke onstabiliteit of enige ander openbare noodtoestand, sal nie as 'n verskoning vir marteling, wrede, onmenslike of vernederende behandeling of straf dien of toegepas word nie.
10. Begrippe of idees soos “nood”, “nasionale noodtoestand”, “openbare orde” en “ordre public” sal nie as regverdiging vir marteling, wrede of onmenslike of vernederende behandeling of straf toegepas word nie.
11. Hoër opdragte sal nie 'n regverdiging of 'n wettige verskoning bied vir dade van marteling, wrede, onmenslike of vernederende behandeling of straf nie.
12. Diegene wat skuldig bevind word aan martelings wandade, sal onderwerp word aan gepaste sanksies wat die erns van die misdaad weerspieël en toegepas word in ooreenstemming met relevante Internasionale standaarde.
13. Niemand sal gestraf word vir die verontagsaming van 'n bevel wat hom/haar dwing om dade te pleeg wat martelings, wrede, onmenslike of vernederende behandeling of straf insluit nie.
14. State moet 'n verbod plaas op die gebruik, produsering en handel van toerusting of stowwe wat gemaak is met die doel om te martel of te mishandel en die misbruik van enige toerusting of stowwe vir die doeleindes moet ook verbied word.

Non-Refoulement

15. State moet toesien dat niemand verban of uitgelewer word na 'n land waar hy of sy die risiko loop om aan marteling onderwerp te word nie.

Stryd teen Strafloosheid

16. Om strafloosheid te beveg moet State:
- (a) Toesien dat hulle wat verantwoordelik is vir martelingsdade en mishandeling onderwerp word aan die regsproses.
 - (b) Toesien dat daar geen immunititeit bestaan teen vervolging van burgers wat van marteling verdink word nie, en dat die ruimte van immunititeit vir buitelandse burgers wat op immunititeit geregtig is so ver as moontlik beperk moet word onder die internasionale reg.
 - (c) Toesien dat spoedige oorweging gebied word aan uitleweringsversoeke deur derde State in ooreenstemming met internasionale standaarde.
 - (d) Toesien dat die reëls van die bewysreg behoorlik die struikelblokke reflekteer om bewerings van mishandeling in aanhouding te staaf.
 - (e) Toesien dat waar kriminele klagtes nie bewys kan word, as gevolg van die hoë standaarde van bewys wat vereis word, behoort ander maniere van Siviele, disziplinêre of administratiewe aksies geneem te word indien moontlik.

Klagtes en Ondersoek Prosedures

17. Om toe te sien dat maklik toeganklike en volle onafhanklike meganismes gevestig word waarheen alle

persone bewerings van marteling en mishandeling kan bring.

18. Toe te sien dat wanneer persone eis, of dit blyk dat hulle gemartel of mishandel is, hulle voor bevoegde instansies of owerhede gebring word en dat ondersoek ingestel sal word.
19. Ondersoeke na alle bewerings van marteling of mishandeling onmiddelik, onpartydig en effektief ondersoek sal word, gelei deur die VN Handleiding oor Effektiewe Ondersoeke en Dokumentasie oor Marteling en ander Wrede, Onmenslike of Vernederende Behandeling of Straf (Die Istanbul Protocol).¹

Deel II: Voorkoming van Marteling

Basiese Prosesregtelike Waarborgs vir die wat van hul vryhede ontnem is

20. Alle persone wie van vryhede ontnem is deur 'n Publieke bevel of 'n bevel deur gesaghebbers behoort in hul aanhouding deur behoorlike en wettige gekonstrueerde regulasies beheer te word. Sulke regulasies behoort voorsiening te maak vir 'n aantal basiese voorsorgmaatreëls, waarvan almal van toepassing sal wees vanaf die oomblik dat hulle van hul vryheid ontsê is. Dit sluit in:
 - (a) Die reg dat 'n familielid of ander behoorlike derde persoon in kennis gestel word van die aanhouding.
 - (b) Die reg tot 'n onafhanklike mediese ondersoek;
 - (c) Die reg tot die toegang tot 'n regsvertegenwoordiger;

- (d) Om die persoon wat van sy vryheid ontnem is te verwittig van bogenoemde regte in die taal wat hy/ sy sal verstaan;

Beveiliging gedurende die Voorverhoor proses

21. State moet regulasies instel vir die behandeling van persone wat van hul vryhede ontnem is, gelei deur die VN Liggaam vir die Beskerming van AI die persone Onder Enige Vorm van Gevangenskap.²
22. Toe te sien dat kriminele ondersoeke gedoen word deur hulle wat onderworpe is aan die relevante strafproseskode.
23. Verbod geplaas word op die gebruik van onwettige plekke van aanhouding en te verseker dat dit 'n strafbare oortreding vir enige beamppte is om iemand in 'n geheime en/of nie amptelike plek van aanhouding, aan te hou.
24. Verbod op die aanhouding van 'n persoon in afgesondering. (In Communicado).
25. Toe te sien dat enige persoon wat aangehou word, die rede vir hul aanhouding verstrek sal word.
26. Toe te sien dat enige persoon wat gearresteer word onmiddelik ingelig word van die klagtes teen hulle.
27. Toe te sien dat die persone wat van hul reg ontnem is spoedig voor 'n hof (geregtelike gesag) sal verskyn, asook om die reg te hê om hulself te verdedig of om deur 'n raadsman bygestaan te word, verkieslik iemand van hul eie keuse.
28. Toe te sien dat volledig geskrewe notules gehou word oor ondervragings, insluitende die identiteite van al die persone teenwoordig tydens ondervragings en die uitvoerbaarheid oorweeg van die gebruik van video en/of audio opnames van ondervragings.

29. Toe te sien dat enige verklaring verkry deur die gebruik van marteling, wrede, onmenslike of vernederende behandeling of straf nie toelaatbaar sal wees in enige verrigtinge nie, behalwe teen persone wat skuldig is van marteling as bewys dat sodanige verklaring gemaak was.
30. Toe te sien dat volledige notules gehou word by elke plek van aanhouding van die persone wat van hul regte tot vryheid ontnem is, wat onder andere die datum, tyd, plek en rede vir die besondere aanhouding uiteensit.
31. Toe te sien dat alle persone wat van hul vryheid ontnem is toegang het tot regsverteenvoording, mediese dienste en bystand en die reg het om deur familie besoek te word en met hulle te korrespondeer.
32. Toe te sien dat alle persone wat van hul vryheid ontnem is die wettigheid van hul aanhouding kan uitdaag.

Toestande van Aanhouding

33. Stappe te neem om toe te sien dat die behandeling van persone wat van hul vryheid ontnem is, in ooreenstemming is met internasionale standaarde gelei deur die VN Standaard Minimale Reëls vir die Behandeling van Gevangenes.³
34. Stappe te neem om die toestande te verbeter in plekke van aanhouding wat nie voldoen aan internasionale standaarde nie.
35. Stappe te neem om toe te sien dat voorverhoor gevangenes apart gehou word van veroordeelde persone.
36. Stappe te neem om te verseker dat jeugdige, vroue en ander kwesbare groepe in toepaslike en aparte aanhoudings fasiliteite gehou word.

37. Stappe te neem om oorbevolking in plekke van aanhouding te verminder deur onder andere nie gevangenis strawwe vir nie ernstige misdade aan te moedig.

Meganismes van Oorsig

38. State moet die onafhanklikheid en onpartydigheid van die regsbank verseker en steun, asook toe te sien dat daar nie met die regsbank en geregtelike verrigtinge ingemeng word nie, gelei deur die VN Basiese Beginsels oor die Onafhanklikheid van die Regsbank.⁴
39. Aanmoediging van professionele regs en mediese liggame om hulself te bemoei met vraagstukke oor die verbod op en voorkoming van marteling, wrede, onmenslike en vernederende behandeling en straf.
40. Die vestiging en steun van effektiewe en toeganklike klag meganismes wat onafhanklik is van aanhoudings en toepassingsgesag en gemagtig is om klagtes te neem en om ondersoek in te stel en toepaslike aksies te neem oor bewerings van marteling, wrede, onmenslike of vernederende behandeling of straf.
41. Om onafganklike nasionale instellings te vestig en steun en te versterk soos menseregte Kommissies, Ombudspersone, Kommissies van Parlementgesindes, met die volmag om alle plekke van aanhouding te besoek en oor die algemeen die kwessies van marteling, wrede, onmenslike en vernederende behandeling of straf aan te spreek, gelei deur die VN Parys Beginsels met betrekking tot die Status en Funksionering van Nasionale Instansies vir die Beskerming en Bevordering van Menseregte.
42. Om die besoek van die Nie Regerings Organisasies (NGOs) aan plekke van aanhouding aan te moedig en te vergemaklik.

43. Die ondersteuning van die aanneming van 'n Opsionele Protokol tot die UNCAT om 'n internasionale besoekende meganisme te skep met die volmag om al die plekke te besoek waar mense van hul vryheid ontnem is deur 'n Staatsparty.
44. Onderzoek na die uitvoerbaarheid daarvan om streeksmeganismes te ontwikkel vir die voorkoming van marteling en mishandeling.

Opleiding en Bemagtiging

45. Om ondersteunende opleiding bewuswordingsprogramme te stig wat menseregte standarde reflekteer en die bekommernis van kwesbare groepe beklemtoon.
46. Om 'n gedragkode en etiek te ontwerp, bevorder en te steun en opleidingsmeganismes te ontwikkel vir geregsdienaars en veiligheidsbeamptes en ander relevante beamptes wat met mense wat van hul vryheid ontnem is in kontak kom, soos regsgeleerdes en mediese personeel.

Burgerlike Gemeenskap Opvoeding en Bemagtiging

47. Gemeenskaps Opvoedings initiatiewe, bewuswordings veltoegte ten opsigte van die verbod op en voorkoming van marteling en die regte van aangehoudenenes sal aangemoedig en gesteun word.
48. Die werk van NROs (NGOs) en die media in gemeenskapsopvoeding, verspreidng van inligting en bewuswording ten opsigte van die voorkoming van marteling en ander maniere van mishandeling sal aangemoedig en gesteun word.

Deel III: Reaksie op die behoeftes van slagoffers

49. Toe te sien dat die beweerde slagoffers van marteling, wrede, onmenslike en vernederende behandeling of straf, getuies, hulle wat die ondersoek doen, ander menseregtelike verdedigers en families beskerm word teen geweld, dreigemente van geweld of enige ander vorm van intimidasie of weerwraak wat mag spruit ingevolge die verslag of ondersoek.
50. Die verpligting teenoor die Staat om vergoeding aan slagoffers aan te bied bestaan ongeag of daar 'n suksesvolle kriminele vervolging kan wees of gebring is. Dus moet al die State toesien dat al die slagoffers van marteling en hul onafhanklikes:
- (a) Toepaslike mediese behandeling aangebied word,
 - (b) Genoegsame toegang het tot sosiale en mediese rehabilitasie,
 - (c) Voorsien word van voldoende vergoeding en steun.

Boonop moet daar ook erkenning gegee word dat die families en die gemeenskappe wat ook geaffekteer is deur die marteling en mishandeling wat ontvang is deur een van sy of haar lede, ook as slagoffers gesien moet word.

Voetnote

¹ *Bylae tot UN GA Res. A/55/89, 4 Des 2000, UN Uitgawe Nr 8, HR/P/PT/8.*

² *UN A/Res/43/173, 9 Des 1988*

³ *UN ECOSOC Res 663 C (XXIV), 31 July 1957, aangewys UN ECOSOC Res 2076 (LXII), 13 Mei 1977*

⁴ *UN Dok E/CN.4/1995/39*

⁵ *UN ARes/48/134, 20 Des 1993*

**Die Legal Assistance Centre beywer hom vir die
vestiging en bevordering van 'n kultuur van
menseregte in Namibië.**



Legal Assistance Centre
Windhoek
Mei 2003